

DIE FONTEINTJIE

Julie 2015



INHOUD

Die Voorsitter aan die woord

Van die Redaksie

Rietfontein bestuur

Jaarprogram

Algemeen

Lag jou wind uit


Konings kos uit die vleis spens

Ons Gryse Jeug

Jonk wees is "cool"

Vir die kleuter

Nabetragting



RIETFONTEIN BESTUUR



VAN LINKS NA REGS: Elize Wessels, Hentie Wessels, Elize Carstens, Magda de Villiers, Megan Carstens, Riaan Carstens, Nellie Green.

KONTAK BESONDERHEDE VAN BESTUURSLEDE

Vooritter	<i>Hentie Wessels</i>	hentie@rsj.co.za 0834490777
Onder Voorsitster	<i>Megan Carstens</i>	megancarstens@vodamail.co.za 0823125796
Sekretaresse	<i>Elize Wessels</i>	queenelizew@gmail.com 0828186412
Penningmeester	<i>Elize Carstens</i>	elize.carstens01@gmail.com 0832828262
Bate Houer	<i>Riaan Carstens</i>	riaan@afdia.co.za 0825622474
Skakel Beampste	<i>Nellie Green</i>	greenacr@absamail.co.za 0826712488
Redaktriess	<i>Magda de Villiers</i>	magda.devilliers@hotmail.com 0845494421



Rietfonteiners

Uit die pen van die Voorsitter

Dit is nou al lekker winter, en ek glo soos by ons huis is dik komberse, warmwatersakke, verwarmers en 'n lekker kaggel vuur nou al deel van elke aand se planne.

Na aanleiding van 'n geprek gedurende ons laaste gebieds vergadering het ek bietjie met party Rietfonteiners gesels hoe hulle voel oor struktuur veranderings, kongres verteenwoordiging en hoe hulle dink SAWA nasionaal kan uitbrei. Die meeste se gevoel is dat ons al die "side show" dingetjies met los en fokus op kamp. Ek het hierdie bepreekings punt laat opsit by die volgende gebieds vergadering om bietjie 'n gesprek aan die gang te kry :

" Die stygende pryse van oorde. Omdat ek self in besigheid is verstaan ek dat eienaars moet winste wys vir hulle aandeelhouders. Stygende elektrisiteit en arbeid kostes het ook 'n aandeel hulle kostes. – SAWA moet vennootskappe sluit met oorde (soos met Klipdraai se Presidente naweek en die Warmbad se gebied saamtrek) waar daar op 'n gereelde basis by die oorde gekamp word. As jy gedurende 'n saamtrek 'n "privaat" kampeerder kan vertel dat jy as klub 20% tot 30% minder betaal by daardie betrokke oord (en nog ander oorde) gaan hy by jou aansluit. Ons as streeks besture stoei maar self op ons vlak met oorde en as ons gelukkig is kry jy 10% afslag, ...en bygesê Jan Publiek en sy vriende kan dit ook kry as hulle 'n groep is. Kyk byvoorbeeld by Kokoriba, as jy 'n lid is van Afrforum, Solidariteit en/of Helpendehand kry jy by hulle 20% afslag. Hierdie punt het sterk by ons lede uitgekom vir twee redes : (a) Soos ek genoem het verwag ons lede dat SAWA onderhandel met "goeie" oorde vir afslag en (b) daar moet voordele wees om aan SAWA te behoort, op die oomblik is daar nie Ons as bestuur en ons lede het geen bemerkings krag om 'n gesin te laat aansluit by SAWA nie. Hulle gaan hulle nie laat bind met die assosiasie se grondwet, as hulle op hulle eie kamp teen dieselfde tarief nie. Streke is deel van die SAWA "konsessiesak" maar die hooftak los ons aan ons eie genade oor en ons word gereeld aan lede werwing herinder."

Om terug te kom by Rietfontein se dinge. Ons volgende kamp is by Dube, Japie en Magda gaan in beheer wees, en gedurende die Warmbad naweek het hulle met Mike & Mariza gesels oor kos maak kan nie wag om te sien wat daar beplan was nie. Die AJV kamp naweek is daarna by Soetdoring behalwe dat ons die AJV dinge moet afhandel die Saterdag oggend beplan Riaan & Megan saam met die ander bestuurslede vir ons lekker potjie en al die "trimmings" daarom. Ons wil elke Rietfonteiner uitnooi om saam te kom kamp (of net kuier vir die Saterdag) by die AJV naweek. Julle gaan binnekort die nodige grondwetlike dokumente begin kry.

Ek sluit af met 1 Korintiërs 13 Vers 13 - En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.

Sien julle by Dube !

Stuur Groete !

Hentie Wessels

Voorsitter : SAWA Rietfontein Sel No : 083 449 0777 Tel : 011 902
3470 E-pos : hentie@rsj.co.za



Van die



Redaksie

Halo al die Rietfonteiners,

Dis vir my n groot voorreg om die Fonteintjie met n nuwe voorkoms vir julle aanmekaar te sit. Ek is baie opgewonde daarvoor want nou kan ek vir almal, van groot tot klein n rede gee om die boekie te verslind. Ek gaan voortaan ook meer fotos prober insit en julle kan lekker saam lag vir al die snaakse grappies en ook lekker smul aan n nuwe kamp resepte elke maand. Julle moet asseblief vir my op hoogte hou van alles wat in die streek aan gaan, vir al die lief en leed . So kan die bestuur ook op hoogte bly daardeur. Julle is welkom om resepte en lekker lag grappies en storietjies ook vir my te stuur. Daar is altyd iets kosbaar wat n mens met ander mense wil deel.

Daar is op die laaste bestuurs vergadering besluit om nie n whatsapp groep vir Rietfontein lede te stig nie maar ons gaan wel na elke kamp al die fotos vir julle e-pos. Die data om fotos af te laai op whatsapp gaan te duur uitwerk. Daar is elke maand n boekie van ons op die Sawa web tuiste en ons gaan prober om die boekie vir elke lid ook per e-pos te stuur. Daar sal so drie keer per jaar n boekie vir julle gedruk word en sal by die kampe uit gedeel word.

Dis so n groot voorreg om nog te kan kamp en wat is n kamp sonder vele herindinge en baie fotos om met ander te deel. Onthou die Dube Kamp is einde Julie. Dis op n wild plaas en die wild word by die kantoor gevoer. Dis iets besonder om te sien! Ek is opgewonde

oor die kamp want dis soos elke jaar vir my een van die lekkerste kampe. Julle moet nie daardie kamp misloop nie. Ek kyk uit vir julle!
Groete Magda
(magda.devilliers@hotmail.com)

Jaarprogram 2015

Datum:

30 Jan – 1 Feb.

6 – 8 Feb.

27 – 1 Mrt..

3 – 6 Apr.

15 – 17 Mei

12-16 Junie

24 – 26 Julie

28 - 30 Aug.

23 - 27 Sept.

23 - 25 Okt.

27 - 29 Nov.

Oord:

Stable Inn

Koppisol (NUB)

San Cha Len

Klipdraai (presedente)

Kokoriba

Warmbad (gebied)

Dube

Soetdoring (AJV)

Koppisol (Nasionale saamtrek)

Klein Paradys

Verassings Kerskamp



SIEN JOU DAAR!

Belangrik: Besprekings en besoekers moet asseblief so gou moontlik aan Hentie Wessels deur gegee word om jou staanplek te verseker.

Bank besonderhede:

FNB (Boksurg – East Rand Mal)

Rek no: 62367015156

Tak Kode: 253442

Rek naam: Sawa Rietfontein

ALGEMEEN

FONDS INSAMELING:

Nellie Green het vir ons n skenking gemaak. Dis n pragtige geraamde kruissteek ontwerp wat sy self gedoen het . Dit word uitgeloot en kan by die bestuur n lootjie koop vir tien rand.

BESTUURS VERGADERING:

. Enige iets wat lede graag bespreek wil he op die vergadering kan aan Elize Wessels deur gegee word minstens n week voor die tyd.

ADVERTENSIES:

Indien u enige iets wil adverteer is u welkom om Magda de Villiers te kontak.

FINANSIELE STATE EN BESLUIE REGISTER:

Enige lid is welkom om enige tyd die bogenoemde dokumente te besigtig. U kan die Voorsitter

Hentie Wessels of Elize Carstens kontak, en hulle sal u help daarmee.

VOORSTELLE:

Indien u enige voorstelle vir kampe of enige iets wat ons kampe nog meer interessant en nog lekkerder kan maak is u baie welkom om dit met die bestuur te bespreek.

BATE BESTUUR:

Ons bate bestuur word deur Riaan Carstens behartig. Indien u enige iets van Sawa en Rietfontein streek wil aankoop kan u hom kontak.



LEED

George en Zelda Roodt se kleinkind in die hospitaal

LIEF:

Shaun en Elize Carstens se dogter trou. Jan du Plessis het sestig geword. Baie geluk

VERJAARSDAG KALENDER.

Magda de Villiers (9), Annatjie van eeden(25), Niel Wessels(7), Elize Carstens(18), Koos Pieterse(29).

HOWELIKS HERDENKING

Geen

Baie geluk aan almal



KONINGS KOS UIT DIE VLEI SPENS UIT



Resep: Hoenderlewertjies op die kole

Bestanddele:

- 1kg Hoenderlewers
- 1x Groot ui – gekap
- 2x Knoffelhuiesies
- 5ml Gerookte paprika
- 5ml Droë tiemie
- 45ml Olyf-olie
- Sap en skil-olie van een suurlemoen
- Sout en peper
- 250ml Room
- 100ml Brandewyn
- Gerasperde parmesaan
- Suurdeeg

Metode:

Stap 1: Verhit 'n gietysterpot op 'n oop vuur OF op 'n warm braai.

Stap 2: Voeg die olyfolie en uie by en braai totdat dit sag en deurskynend is. Voeg die knoffel, paprika en tiemie by.

Stap 3: Soteer vir nog so 'n minuut. Voeg die hoenderlewers by en roer aanhoudend.

Stap 4: Wanneer die hoenderlewers gekook is, maar nog bietjie pienk aan die binnekant is, voeg die brandewyn by. Kantel die pan effens sodat die brandewyn aan die brand slaan vir 'n bietjie vlamme in jou pan.

Stap 5: Voeg die suurlemoensap asook die sout en peper by.

Stap 6: Voeg die room by. Kook totdat die room 'n bietjie verminder het.

Stap 7: Terwyl stap 6 aan die gebeur is, sny die suurdeeg en plaas op rooster op oop vuur.

Stap 8: Wanneer die lewers klaar is, bedien op dik snye van geroosterde brood. Strooi 'n bietjie gerasperde parmasaan bo-oor.

LAG JOU WIND UIT



Al ooit gewonder hoekom Eva die verbode vrugte geëet het? Dis omdat sy nie 'n VRIENDIN gehad het nie.

As sy
'n
vriendin
gehad
het,
het

hulle wyn gedrink, tjoklits geëet en NIE met die blêrrie slana gelol nie!!!

Gatiep en
Maraai was
besig om
aandete saam

met haar ouers te eet, toe sy skoonma kla oor die aantal kilogramme wat sy die afgelope paar jaar swaarder geword het. Ewe galant troos my skoonpa dat 'n mens swaarder behoort te word namate jy ouer word, sodat as iets gebeur, jy iets het om op terug te val. Maraai kyk na haar pa se bierpens en sê: 'Dit lyk asof Pa eerder beplan om vorentoe te val.'

Kan iemand vir klaas verduidelik
dis bring en braai...



...nie bring 'n braai nie!

Slim haarkapper

Gehoor van die haarkapper wat net boeke en tydskrifte vol spookstories in sy winkel aanhou? Hy sê dis makliker om die mense se hare te sny as dit regop staan.

Gatiep verskyn in die hof.

Judge: "Gatiep, wat het jy gesteel"

Gatiep: "'n wekkertjie"

Judge: "'n wekkertjie?"

Gatiep: "ja, 'n wekkertjie"

Judge: "en wat is die waarde van die wekkertjie?"

Gatiep: "so R16000"

Judge: "genade Gatiep watse tipe wekkertjie is soveel werd?"

Gatiep: "'n kragopwekkertjie"



JOONK WEES
IS COOL!

Ouers en Tieners: Sal hulle mekaar ooit verstaan?

’n Paar jaar terug het ek ’n gespreksaand tussen tieners en hulle ouers gehou. Die tieners en hul ouers het weerskante van die saal gesit. Ek vra toe vir die tieners om ’n lys te maak wat hulle in algemeen van ouers verwag en vir die ouers om ’n lys maak wat hulle van tieners verwag. Na ’n halfuur se gelag, gepraat en geskerts moes hulle die lysies vir mekaar lees.

Hier volg die tieners se lysie:

- Ons ouers moet ons vertrou
- Toon begrip vir ons – julle was ook jonk!
- Wees trots op ons !
- Moenie spog met ons nie (veral nie voor familie nie)
- Moet ons nie met ander vergelyk nie
- Ouers moet ons aktiwiteite steun en bywoon
- Stel in ons lewens belang.
- Ouers moet erken as hulle fouteer
- Hulle moet billike dissipline toepas en nie rigied wees of oorboord gaan nie
- Hulle moet verduidelik waarom ons dinge nie moet doen nie – (sommers is nie rede nie)
- Wat ouers van tieners verwag moet hulleself ook bereid wees om te doen
- Moet ons nooit verneder nie ("shame" nie)
- * Moenie namens ons praat nie
- Luister ons uit, moenie vooraf dink wat ons gaan sê en ons in rede val nie
- Moet nooit voor kinders stry of rusie maak nie.
- Moenie voor ons "vry" nie
- Leer ons deur julle voorbeeld om ons probleme volwasse op te los
- Moenie ons druk om te presteer op gebiede waar julle as kinders misluk het nie.
- Wees ongekwalifiseerd lief vir ons
- Ons is baie lief vir julle!!!!

Die ouers se lysie aan die kinders het so gelyk:

- Moenie ons as vanselfsprekend aanvaar nie
- Vertrou dat ons met die beste bedoelinge optree
- Moet ons nie met ander jongmense se ouers vergelyk nie
- Tieners weet nooit wat in ons lewens aangaan nie.
- * Slegs hulle eie wêreld is vir hulle belangrik. Neem ons probleme ernstig op.
- Stel belang in ons as mense, vra ons uit hoe dit met ons gaan
- Wees trots op ons
- Moet ons nie voor ander ouers of jou maats verneder nie.
- Woon ook geleenthede by wat vir ons belangrik is.
- Vra verskoning as julle verkeerd is
- Luister na ons, moenie ons in rede val of deur toeklap nie.
- Praat met ons en verduidelik as julle nie lekker voel nie- ons kan dit nie ruik nie.
- Moenie ons verleë maak deur voor ons of in openbaar aan julle geliefdes te "hang" nie.
- Julle kan vir ons as ouer mense baie leer – ons soek ook julle raad.
- Moenie druk op ons plaas deur geld te vra, ons 'n materiële skuldgevoel gee nie.
- Aanvaar ons met ons tekortkominge en wees begripvol vir ons omstandighede by werk.
- Wees onvoorwaardelik lief vir ons
- Ons is lief vir julle en wil geen ander kinders hê nie!!! Dit was natuurlik vir albei groepe verstommend hoe baie die twee lysies ooreengestem het- Wys jou net nê, miskien moet ouers en tieners meer met mekaar praat en tyd maak, want hulle verwag dieselfde dinge van mekaar!





Hier is n paar gebedjies vir ons kleuters wat mamma en papa vir julle kan leer :

Oggendgebed:

Dankie Heer al is ek klein,
vir my skool en vir my brein.
Maak my nuttig, goed en sterk,
Vader om vir U te werk.
AMEN

Aandgebed:

Op my stoeltjie sit ek nou,
met my handjies saamgevou.
Liewe Jesus ek wil U dank,
vir my kossies en my drank.
AMEN

Tafelgebed:

Dankie vir die kos wat ons kan eet
en laat ons U goedheid nooit vergeet.
Dankie vir die voëls wat ek kan hoor sing,
dankie Heer vir elke ding.
AMEN



Die Onse Vader:

Ons Vader wat in die hemel is,
laat U Naam geheilig word;
Laat U koninkryk kom;
laat U wil geskied,
soos in die hemel
net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ons skuldenaars vergewe.
En lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en
die krag en die heerlikheid
tot in ewigheid.
AMEN.

Hier is speletjies waarmee julle bietjie kan eksperimenteer:

SHOKOLADE

EE_t

-

Sit 'n bord met 'n gevriesde blok shokolade, mes vurk, baadjie, hoed en serp in die middel. Laat die jongmense in 'n groot sirkel om dit sit en 'n dobbelsteen gooi. Die persoon wat eerste 'n ses gooi gaan na die middel. Die res van die groep hou aan om die dobbelsteen te gooi. Die persoon wat in die middel gaan moet die klere aantrek en dan die blok shokolade begin sny met mes en vurk en eet. Sodra die volgende persoon 'n ses gooi moet daardie persoon alles los, klere uittrek, die persoon wat ses gegooi het moet begin om klere aan te trek en shokolade te sny en eet tot die volgende persoon 'n ses gooi. As die persoon nog besig is om klere aan te trek wanneer die volgende ses gegooi word moet hy onmiddelik uittrek en terug in die sirkel gaan sit. 21. WAT HET JY AAN? - Laat die jongmense in twee lang rye staan, skouer teen skouer en die rye moet vir mekaar kyk, elkeen in die ry moet 'n maat oorkant hom/haar hê. Gee hulle vyf tellings om te kyk hoe die persoon oorkant hulle lyk. Laat hulle omdraai en nou moet elkeen iets omtrent sy/haar klere verander. Laat hulle weer omdraai en kyk of die persone aan die teenoorgestelde kant kan sien wat die ander verander het omtrent hulle voorkoms. Herhaal 'n paar keer

FLUIT MET MARIE BESKUITJES

Laat vrywilligers na vore kom. Gee elke persoon drie marie beskuitjies om te eet. Kyk wie is eerste klaar en kan drie note fluit sonder dat krummels van die marie beskuitjies uit sy mond kom.

ONS GRYSE JEUG

Vir oumas en oupas

My oupa en ouma is al grys en krom
En hulle is verskriklik dom
Hulle is nie gewone mense soos ons
Maar ek mag dit nie hard sê: oupa sal my opdons

Oupa sê 'n computer is 'n regte blikbrein
Netso 'n monster soos die elektriese trein
Dan sug ouma en sê: wat het geword van die ou tyd
Toe die lokomotief sy rook by 'n skoorsteen uitsmyt

Die annerdag toe loer ek vir ouma af
Amper het ek baie ver weggedraf
Want sy sit haar tande in 'n glas
Gewone mense s'n sit in hul monde vas

Oupa haal so 'n plastiek dingetjie uit sy oor
En toe ek hom daarvoor vra is hy baie goor
Hy draai weg en maak asof hy nie hoor
Ek dink oupas het hul goeie maniere verloor

Oupas en oumas staan baie vroeg op
En voor die son laat sak sy kop
Klim hulle alweer in die bed
Hoe kan mens nou 'n nasie so red?

Daar is een ding wat ouma baie doen
Sy kan nie ophou om my te soen
En oupa het 'n sak vol lekkergoed
Ek kan kry as hy sê ek was soet

Oumas hou daarvan om hare te vleg
Maar as sy naby kom hardloop ek weg
Want daardie vlegsel word so styf getrek
Dat die trane uit my ou ogies lek

Ek sê nie vir ouma van maag of ander pyn
Want dan gaan haal sy haar Lennon medisyne
As sy dit afgooi in jou keel
Verseker ek jou gaan jou oë uitpeul!

Omdat hulle nie gewone mense is
Moet hulle die hele middag rus
Ek mag hulle dan nie pla
Anders begin hul tog net weer kla

Met Kersfees gee ouma vir my 'n lappop
Sy is met tissues en watte opgestop
Maar ek hou nie baie van haar
Want haar oë kan net in een rigting staar


Ek kan vir julle beslis 'n oupa aanbeveel
Hy help om ouma se koesters uit die spens te steel
En ook 'n ouma want sy weet van 'n feetjie en kabouter
Wat so tussen die blomme rondklouter

Omdat hulle nie soos gewone mense kan wees
Kan hulle so onnodig vir my veiligheid vrees
As ek in die moederboom se hoë takke wil klim
Maar toemaar – hulle is tog dom en ek baie slim

Maar wat – 'n ouma en oupa is baie groot pret


OUPA EN OUMA SE HUISRËELS


Kleinkinders welkom enige tyd
Ouers op afspraak
Alles gebeur op sy eie tyd
Koekies vir ontbyt
Badtyd en slaaptid is onderhandelbaar
Baie drukkes, soentjies en bederf
Lekkergoed die hele dag deur
Ons luister na mekaar
Enige tyd is storie tyd
Die woord nee bestaan nie in ons woordeboek nie
Wat by oupa en ouma gebeur bly by oupa en ouma
Koeldrank of roomys mors op die mat
is toelaatbaar, ouma sal gaan skoonmaak



En al kan mens nie met hulle 'n nasie red
Moet hulle doodeenvoudig daar wees
Om stories uit die Kinderbybel te lees!

Memories Warmbad





Nou ja, soos julle kan sien was die naweek heeltemal te kort! Met die swembaddens en al die water aktiwiteite wat binne sowel as buite verhit was het almal die water aangedurf. Daar was n groot kompetisie tussen Magda en Hentie op die glybane en nodeloos om te se Magda het gewen. Andre en vrouliet het vrydag aand vir ons met worsrolle bederf. Mike en Mariza Jennings het Saterdag vir ons die aller lekkerste vis en skyfies gemaak. Ons het die koue lug probeer trotseer maar dank Vader vir Maartin se bouma wat ons heerlijk warm gehou het. Pa en seuns het suurleroen eet kompetisie gehou. Dis nou net om te sien wie trek sy gesig die meeste! Party kinders het ge leer vir eksamens. Sommige het net rustig verkeer.



Baie gekuier en baie geeet. Dominee Otto en sy vrou het weer die boeke vat gehou en het ons nuuskierig gehad met "waar is jy" Dit was weer eens n naweek vol baie opwinding en baie om te doen. Soos altyd is die Warmbad gebied saamtrek n wenner in die winter. Sien julle by Dube!

SAWA EREKODE

Hiermee verbind ek myself en my gesin tot die grondwet, asook die riglyne en gedragkode van die Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie.

Verder verbind ek myself tot die volgende:

1. Ek sal strewende om die Christelike grondslag van Sawa te bewaar en uit te lewe
2. Ek sal Sawa dien sover ek kan en alles in my vermoë doen om ons assosiasie uit te brei.
3. Ek sal ons geliefde land se natuurskoon en sy fauna en flora beskerm en bewaar.
4. Ek sal poog om alle openbare geriewe en fasiliteite tot my beskikking so te benut dat ander gaste dit sonder ongerief kan gebruik.
5. Ek sal poog om in alle opsigte hoflik te wees, beleefd op te tree en bedagsaam te handel teenoor alle padgebruikers.
6. Ek sal daarop let om nie deur my gedrag die eer van Sawa te skend nie, maar sal poog om die agting van almal met wie ons in aanraking kom af te dwing.